higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N500**(A)**(J12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N4

(10010494)

12 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGHEDE: **4 velle A3 tekenpapier (meer moet beskikbaar wees vir rofwerk).**
2 velle A4 tikpapier (meer moet beskikbaar wees vir rofwerk).

Kandidate moet al die nodige kunsmediums hê wat vir Modetekeninge gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 6 addenda.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. AFDELING A

   Beantwoord VRAAG 1 in die ANTWOORDBOEK.
   AL die addenda/tekeninge in VRAE 1, 2 en 3 moet in die ANTWOORDBOEK geplak word.
   GEEN los werk sal nagesien word nie.
   Die totaal van hierdie afdeling is 50 punte.

   AFDELING B

   Beantwoord AL die vrae op die A3 TEKENPAPIER wat voorsien is.
   Gebruik slegs EEN kant van die TEKENPAPIER.
   Beantwoord elke vraag op ’n aparte vel TEKENPAPIER.
   Die totaal van hierdie afdeling is 150 punte.

   SPESIALE INSTRUKSIE: Kram AL die tekeninge in AFDELING B aan mekaar vas. Moet dit NIE vou nie. Plaas dit in die ANTWOORDBOEK.

6. Skryf netjies en leesbaar.


Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord die volgende vrae in die ANTWOORDBOEK.

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die volgende sketse. Noem elke konstruksieproses soos dit genommer is. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



(10 × 1) (10)

1.2 Noem DRIE grade waarin potlode beskikbaar is. (3)

1.3 Houtskool is een van baie verskillende kunsmediums wat vir verskeie tegnieke gebruik kan word.

1.3.1 Noem TWEE nadele van die gebruik van houtskool. (2)

1.3.2 Noem TWEE kunsmediumtegnieke wat gebruik kan word met houtskool. (2)

1.4 Noem DRIE punte om in gedagte te hou by die versorging van verfkwaste. (3)
[20]

VRAAG 2

2.1 Maak gebruik van ADDENDUM A (aangeheg) en skets ’n agteraansig van die volwasse manlike figuur. Plak die tekening in die ANTWOORDBOEK. (14)

2.2 Maak gebruik van TWEE verskillende bedrukte tekstielstowwe van jou keuse en kleur die uitrusting op ADDENDUM B in (aangeheg). Plak dit in die ANTWOORDBOEK. (6)
[20]

VRAAG 3

Bestudeer die volgende skets en maak 'n tegniese tekening van die bloes (slegs voorkant). Maak gebruik van die templaat (‘croquis’) op ADDENDUM C (aangeheg). Hou ALLE vereistes vir 'n goeie tegniese tekening in gedagte. Plak die tekening in die ANTWOORDBOEK.



[10]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

SPESIALE INSTRUKSIE: Kram AL die tekeninge in AFDELING B aan mekaar vas. Moet dit NIE vou nie. Plaas dit in die ANTWOORDBOEK.

VRAAG 4

Exact het 'n kompetisie vir jong ontwerpers geloods om 'n reeks kledingstukke vir die werkende vrou te ontwerp.

4.1 Maak 'n voorstellingstekening (’presentation drawing’) van TWEE vroue wat die volgende kledingstukke dra: 'n Baadjie, bloes, broek en rok. Maak gebruik van die templaat (‘croquis’) op ADDENDUM D (aangeheg). Hou ALLE vereistes in gedagte vir 'n goeie voorstellingsblad. (50)

4.2 Kies EEN van die uitrustings wat in VRAAG 4.1 ontwerp is en maak 'n produksietekening (slegs voorkant). Maak gebruik van die templaat (‘croquis’) op ADDENDUM C (aangeheg). Hou ALLE vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte. (25)

[75]

VRAAG 5

Jou vriend word vir 'n onderhoud genooi. Hy vra jou om vir hom 'n uitrusting te ontwerp.

5.1 Maak 'n ontwerpontwikkelingsblad van DRIE uitrustings bestaande uit SES kledingstukke, dit wil sê baadjies, hemde en broek. Maak gebruik van die templaat (‘croquis’) op ADDENDUM E (aangeheg). Hou ALLE vereistes vir 'n goeie ontwerpontwikkelingsblad in gedagte. (50)

5.2 Kies EEN uitrusting wat in VRAAG 5.1 ontwerp is en maak 'n produksietekening van die uitrusting wat jy gekies het (slegs voorkant). Maak gebruik van die templaat op ADDENDUM F (aangeheg). Hou ALLE vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte. (25)

[75]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A **EKSAMENNOMMER:**

			BALANSLYN					

(14)


Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B **EKSAMENNOMMER:**



(6)


ADDENDUM C




ADDENDUM D



ADDENDUM E



ADDENDUM F



Kopiereg voorbehou